NG KERK REEBOK

SONDAG, 25 OKTOBER 2026

Hou die aankondigings naby u Bybel - dit is ons gebedsgids

VANDAG SE PROGRAM

HERVORMINGSFEES

07:40	Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.
EREDIENSTE	**08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens** Chris de Wet **Skriflesing**: Openbaring 6-7 **Tema:** *"Wie kan staande bly?"* **Spesiale Deuroffer:** Magdalena Huis - Oudtshoorn **https://youtube.com/live/lFMDfMmwm2c?si=V6uyh2sDOJ2mlgGg**
09:00	**JUNIOR EN SENIOR KATEGESE**

- Baie welkom **alle nuwe lidmate**! Meld asseblief na afloop van die erediens aan op die stoep voor die **groot kombuis**. Stap by die saal se deur uit en draai **regs**, waar die persone betrokke by die Nuwe Lidmaat-bediening u sal ontvang en verwelkom.
- Alle lidmate word genooi om tussen die twee eredienste koffie / tee en malvalekkers te geniet.



VERJAARDAGWENSE

Baie geluk aan:

- **Errol Marnitz** (T1), wat op 26 Oktober sy **80ste** verjaardag vier.
- **Nick Froneman** (R2), wat op 28 Oktober sy **87ste** verjaardag vier.
- **Elise Engelbrecht** (T1), wat op 29 Oktober haar **82ste** verjaardag vier.
- **John Matthews** (K2), wat op 29 Oktober sy **91ste** verjaardag vier.
- **Guida Snyders** (T7) wat op 31 Oktober haar **85ste** verjaardag vier.

"Want die Here sal aan jou sy wees en Hy sal keer dat jou voet in 'n strik trap"
(Spr. 3:26)

PROGAM VIR DIE WEEK

MAANDAG, 26 OKTOBER 2026

12:00 **Diensgroep Diensverhoudinge** vergader in die Gemeentesentrum.
18:00 **Diensgroep Gemeentebediening** vergader in die Gemeentesentrum.
18:00 **Bybelskool** in die kerkgebou. Ons lees Levitikus 21-23.

DINSDAG, 27 OKTOBER 2026

15:00 **Erediens Werkgroep** vergader in die Moederskamer.
17:00 **Diensgroep Finansies en Administrasie** vergader in die Gemeentesentrum.
18:00 **Wyksbyeenkoms-skoling** vir alle wyskleiers in die kerkgebou.

WOENSDAG, 28 OKTOBER 2026

18:00 **Gebedsgeleentheid** in die Gemeentesentrum.

DONDERDAG, 29 OKTOBER 2026

11:00 TOT 12:00 **Bloeddruk-kliniek** in die Moederskamer. Hierdie is 'n gratis diens.
15:00 **Diensgroep Eiendomme** vergader in die Gemeentesentrum.
16:30 **Kooroefening**
17:45 **Musiekgroep**

MANNEBEDIENING-ONTBYT 31 OKTOBER 2026

Die Mannebediening bied **DV Saterdag, 31 Oktober 2026 om 08:30 in die kerksaal** 'n ontbyt aan met **Ivor Swartz van Pretoria-Oosterlig gemeente** wat sy aangrypende getuienis gaan deel. Daarna tree hy ook by die Strooidakkerk op vir die inwoners van Powertown. Die kaartjies vir die ontbyt (daar is slegs 120 kaartjies beskikbaar!) kos **R80** per persoon en is by die kerkkantoor verkrygbaar. **Dié geleentheid is vir mans EN DAMES!** Moenie hierdie geleentheid misloop nie!

VOLGENDE SONDAG – 1 NOVEMBER 2026
DANKBAARHEIDSOFFERGAWE - SONDAG

07:40	Die **Samuel-gebedsgroep** bid vir die seën van die Here op die erediens.
EREDIENSTE	**08:00 Informele Erediens en 10:00 Tradisionele Erediens** Chris de Wet **Skriflesing**: Openbaring 17-18 **Tema***: Babilon val!* ***Tiende maand dankoffers en kinderdankoffers***
09:00	**JUNIOR EN SENIOR KATEGESE**

DANKBAARHEIDSOFFERGAWE-SONDAG, 1 NOVEMBER 2026

Die wyks- en blokleiers deel tans ‘n skrywe van die leraars en ‘n koevert uit met die oog op die **Dankbaarheidsoffergawe-Sondag, DV 1 November 2026**. Die bedoeling is dat ons biddend dit sal oorweeg om bo en behalwe ons maandelikse dankoffer ‘n bydrae vir die Here se werk in en deur die Gemeente sal gee. Ons het ‘n bedrag van **R630 000** begroot en verlede jaar het ons **R601 430** ontvang. Bydraes kan deur middel van die koevert Sondag, 1 November 2026 of enige ander Sondag gedurende November ingelewer word. Persone wat deur middel van elektroniese inbetaling ‘n bydrae wil lewer, kan as verwysing “Dankbaarheidsoffergawe” aandui.

OMGEE VIR MEKAAR... (In blokke ingedeel)

REEBOK WYKE R1 TOT R5

- **Coligny Nel** (R4A), is in George Medi-Clinic opgeneem.

REEBOK WYKE R6 TOT R11

- **Leon Janse van Rensburg** (R10), ontvang behandeling.
- **Marie Verwey** (R11), sterk tuis aan na ‘n operasie.

REEBOK WYKE R12 TOT R15

- **Muller Steyn** (R12), sterk tuis aan na hospitalisasie.
- **Gert Brynard** (R14), ondergaan vandeesweek mediese toetse by die Groote Schuur hospital in Kaapstad.

REEBOK WYKE R16 TOT R20

- **Andries Hough** (R20), sterk tuis aan na hospitalisasie.

FRAAI-UITSIG WYKE F1 TOT F5

- **Vlam van Deventer** (F4), sterk tuis aan na ’n groot operasie.

FRAAI-UITSIG WYKE F11 TOT F14

- **Skattie Pieters** (F13), in die hospitaal opgeneem weens virale longontsteking.

REEBOK BUITEWYK

- **Renie Myburgh** (Hartland) is ernstig siek.

ALGEMENE INLIGTING

SUID-SOEDAN PADKAFEE

Ons Jaarlikse Suid-Soedan Padkafee vind hierdie jaar plaas op **Vrydag 18 Desember 2026 vanaf 11:00.** Daar is by die deure en op die tafel in die voorportaal inkopiesakke, met 3 items op, neergesit. Indien u belangstel om die Padkafee op die manier te ondersteun neem asseblief ‘n inkopiesak. Bring die inkopiesak so gou as moontlik weer terug.
Dames wat bereid is om kleinkoekies te bak kan hulle name by ***Louise Oosthuizen (082 857 8983) opgee.*** Dankie vir u ondersteuning.

BEROEPSPROSES

Die aansoeke vir die Voltydse Leraar het Donderdag 22 Oktober 2026 gesluit. Sestien aansoeke is ontvang. Bid asseblief dat die Here se Wil sal geskied.

Baie belangrik asseblief

Die verwysing van alle inbetalings moet asseblief **duidelik** wees, bv. maandbydrae, gewone kollekte, deuroffer, digitale uitsending, barmhartigheid, getuienis, jeug, boufonds, of enige ander saak. Nie u naam en van nie.

BANKBESONDERHEDE: NG REEBOK
LOPENDE REKENING: 404 908 7902
TAKKODE: 632-005

Snap here to pay

SnapScan